

BDV proefvertaling: Galasiërs 3

Deur/uit die geloof, of, op grond van die geloof ?

OAV: Gal.3:7,8,11, 7 Julle verstaan dan dat die wat **uit die geloof** is, hulle is kinders van Abraham. En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene **uit die geloof sou regverdig**, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. ...11 En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal **uit die geloof** lewe."

BDV (Bybel: 'n direkte vertaling): Gal.3:7,8,11: So moet julle besef: Die mense wat **op geloof staatmaak**, is kinders van Abraham.⁸ En omdat die Skrif dit vooruit gesien het dat God die heidene **op grond van geloof sou vryspreek**, het die Skrif die evangelie reeds vooraf aan Abraham verkondig: "In jou sal al die nasies geseën word." ...¹¹ En dat niemand op grond van die wet voor God vrygespreek word nie,^{*} is duidelik, want: "Wie vrygespreek is **op grond van geloof**, sal lewe."

Die BDV vertaling is 'n proefvertaling van die Bybelgenootskap van SA, die volledige vertaling van Galasiërs, spesifiek Galasiërs 3 kan daar gelees word.

Met my eerste lees van Galasiërs 3 in die BDV, was my aanvoeling dat daar 'n groot verskil is tussen hierdie vertaling en meeste ander vertalings, ook ander vertalings soos die KJV, NIV, ESV en ander ouer én moderner vertalings.

In Gal.3 wil Paulus die gemeente in Galate daarop wys dat hul nie uit/deur die werke van die wet geregverdig word nie, maar *uit/deur* die geloof in Jesus Christus, soos dit ook dan duidelik staan in v.26,

"Want julle is almal kinders van God *deur die geloof* in Christus Jesus (OAV en BDV)

In Gal.3 wys Paulus dan ook daarop dat ook Abraham en die heidene (nie-Jode) 'uit die geloof' geregverdig is. Die wat dan uit/deur die geloof geregverdig is word dan baie duidelik ge-identifiseer **as** die kinders van God, **as** die ware kinders van Abraham. Soos Paulus ook sê in vers 7: "*Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.*" (sien ook v.29).

So vertaal die OAV dan ook hierdie frase op verskillende plekke, maar die BDV, in navolging van die NAV (?), besluit om die frase 'uit die geloof' telkens te vertaal as (bv.) 'op geloof staatmaak', of 'op grond van geloof'.

Eerstens dan, lyk dit nie of die BDV 'n brontaal-georiënteerde vertaling is nie. Juis die voetnotas by v.7 en v.11 noop tot so 'n gevolgtreking, want in die voetnotas staan daar:

^w**3:7 Die mense ... staatmaak:** Die bronteks lui "die (mense) *uit* geloof".

^z**3:11 Wie ... sal lewe:** Die bronteks lui "Die regverdige *uit* die geloof sal lewe".

Nou is die vraag, as die BDV poog om 'n brontaal vertaling te wees, hoekom die frase parafraseer en/of 'n spesifieke verklaring in die Teks in vertaal, hoekom nie andersom nie? Dus: waarom nie eerder die voetnotas in die teks sit nie, en die teks in die voetnotas nie?

Dit gesê, *tweedens*, laat dit by my egter ook vrae of die 'verklarende vertaling' van BDV in elk geval die regte verklaring is ?

Is dit so dat Gal.3 vir ons wil leer dat die regverdiges, die kinders van Abraham (wat dus die kinders van God is), dit is *op grond van* geloof, of omdat hulle *staatmaak* op geloof ?

As ek die OAV lees dan lyk dit vir my dat Paulus leer dat die geloof identifiseer of wys uit wie kind van God is. Verder wys die voorsetsel-frase 'uit/deur die geloof' ook op die instrument ... dit wys op die instrument waardeur ons Christus ontvang, naamlik 'deur/uit die geloof' (sien: GJC Jordaan, *Die Binnewerk van die Griekse Taal: Handleiding vir eksegete en ander studente van Grieks*, Potchefstroom: Principia. 2004: bl.92). Dit wil nie wys dat die 'grond' van die kind van God wees my geloof of my 'staatmaak' handeling is nie. Laasgenoemde is die vrug van my kind-wees-van-God en die middel waardeur ek kind van God word (sien DL 1:8), nie die grond van my kind van God wees nie.

Die BDV kan myns insiens baie misverstand veroorsaak, juis omdat hulle, soos dit vir my lyk, afwyk van 'n letterlike/brontaal georiënteerde vertaling. Hierdie verwarring bestaan daarin dat die teks die indruk mag skep dat die waarde van my geloof my red, of die feit op sig self - my handeling van glo en/of 'staatmaak' - is wat my red, en nie Christus *alleen* uit genade, deur die geloof nie ... iets wat die eenvoudige oorsit van die Griekse teks in Afrikaans met 'uit geloof/deur geloof' nie kan doen nie.

'n Paar jaar gelede, het ek reeds my besorgdheid uitgespreek oor die vertaling van 'n sekere vers in die NAV, wat hierdie kwessie raak in die vertaling van Rom.1:17. Hier is wat ek daarvoor destyds geskryf het:

OAV: "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof **tot** geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal **uit** die geloof lewe."

NAV: "In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen **omdat** hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: 'Elkeen wat deur God vrygespreek is **omdat** hy glo, sal lewe.' "

NIV: "or in the gospel a righteousness from God is revealed, a righteousness that is **by** faith from first to last, { 17 Or is from faith **to** faith } just as it is written: 'The righteous will live **by** faith.' "

Grieks: *ek pisteos eis pistin* = (vanuit, van, deur) geloof (in, na, tot, toe, vir, tussen) geloof: dus geen 'omdat' hulle glo nie. In vers 17 word aangehaal uit Hab.2:4, waar die OAV lees: "Maar die regverdige, **deur** sy geloof sal hy lewe"; en die NAV: "maar wie reg doen, sal lewe **omdat** hy getrou bly." Met die voorsetsel 'deur' word gewys op die *middel/manier* waardeur 'n mens geregtig word en in die nuwe lewe bly. Met die voorsetsel 'omdat' word gewys die *rede/begroning* waarom iemand regverdig verklaar word."

Ds. Cobus Rossouw skryf as volg oor die grammatiese aspekte van hierdie frase, soos dit verband hou veral met Rom.1:17 en Gal.3:11 (Paulus haal aan of verwys na Hab.2:4 in beide verse):

Dis na my beskeie mening 'n hartseer vertaling (BDV van Gal.3:7,11 - slc) wat baie maklik die weg kan open tot die dwaling van Arminianisme. Dis waar dat die frase *ἐκ πίστεως* as 'op grond van geloof' vertaal kan word (vgl. DB Wallace, *Greek Grammar Beyond Basics*, Zondervan, 1996, bl.371). Wat egter baie belangrik is, is dat Paulus in vers 11 met die baie belangrike Hab 2:4 werk - *ο δίκαιος ἐκ πίστεως ζήσεται* ("die regverdige sal uit die geloof lewe"). As gevolg van die naby konteks sou *ἐκ* sê dat *ἐκ πίστεως* (uit die geloof) van 3:8 en 11 dieselfde betekenis moet hê - trouens dit sien ons ook in die vertaling.

Omdat ons in Galasiërs en Romeine met dieselfde outeur te doen het, en omdat daar tematiese ooreenkomste is, nl. die hele kwessie oor hoe ons regverdig voor God staan, kan ons daarom ook verwag dat *ἐκ πίστεως* (uit die geloof) in Rom 1:17 en Gal 3:8 en 11 dieselfde betekenis moet hê.

En verder: Omdat Rom.3:21-22 die tema van Rom.1:17 hervat, nadat Paulus in Rom 1:18-3:20 gefokus het op die totale verdorwenheid van die mens, moet *διὰ πίστεως* (deur geloof) van Rom.3:22 dieselfde betekenis hê as *ἐκ πίστεως* (uit die geloof) van Rom.1:17.

Wat nou belangrik is, is dat *διὰ* + genitief soos by *διὰ πίστεως* (deur die geloof) nooit kan verwys na gronde of rede nie (vgl. DB Wallace, *Greek Grammar Beyond Basics*, Zondervan, 1996, bl.368-369; Jordaan, *Die Binnewerk van die*

Griekse taal, 2004, bl.91-92).

διὰ + genitief verwys na agent (deur); middel (deur); ruimtelik (deur); tydaanduidend (gedurende).

In Rom.3:22 het διὰ πίστεως (deur geloof) dan die betekenis van 'deur middel van geloof'. Geloof is die middel waardeur God geregtigheid aan ons gee of toereken.

Omdat Rom.3:21-22 tematies en gedagte-struktureel koppel aan Rom 1:17, is dit logies onmoontlik dat Paulus in Rom 1:17 ons sal leer dat jy geregverdig word *omdat* jy glo en in Rom 3:22 dat jy geregverdig word *deur middel* van die geloof. Daar is tog 'n reuse verskil!

Daarom, so meen ek, in nederigheid, het ἐκ + genitief in Rom.1:17 dieselfde betekenis as διὰ + genitief in Rom.3:22. Grammaties is dit ook moontlik (vgl. DB Wallace, *Greek Grammar Beyond Basics*, Zondervan, 1996, bl.371; Jordaan, *Die Binnewerk van die Griekse taal*, 2004, bl.92).

Omdat ons in Galasiërs en Romeine met dieselfde outeur te doen het, en omdat daar tematiese ooreenkomste is, nl die hele kwessie oor hoe ons regverdig voor God staan, beteken dit, vanuit ons beredenering uit bogenoemde, dat ἐκ πίστεως (uit die geloof) in Rom 1:17 en Gal 3:7,8 en 11 vertaal moet word met 'deur middel van die geloof'.

Ek meen ook, in alle bescheidenheid, dat dit dogmaties suiwer is en ons volk nie verlei tot die dwaling van die Remonstrante wat leer dat geloof 'n voorwaarde is, 'n werk van die mens, op grond waarvan die HERE ons regverdig maak (bv VD 1:3; VD 2:4). Dit terwyl geloof:

- 'n vasstaande kennis is (sien HK v/a 21) van my totale verdorwenheid en die feit dat ook my geloof nie kan red nie, maar dat Jesus my enigste Verlosser is en my geregtigheid.
- en vaste vertoue, wat doelbewus my van myself af, en alle ander dinge af laat wegdraai na Jesus toe, en my op my knieë laat neersak ... my hande laat vou ... my oë laat toe maak ... my met ander woorde niks laat doen nie ... maar laat smeek: "Jesus red my!" (vgl Reymond, *A New Systematic Theology of the Christian Faith*, 1998, bl. 728-729)

Sien ook hierdie werkstuk van ds. Rossouw oor Hab.2:4,

Die betekenis van באמונתו binne die konteks van Habakuk 2:4

In aansluiting by ds. Rossouw, sien die volgende verklaring van S. Greijdanus (*De Brief van de Apostel Paulus aan de Gemeenten in Galatië*, Van Bottenburg: Amsterdam, 1936: bl.174, 175) by Gal.2:16 (die in hakies gedeeltes is vertalings van die Grieks ingevoeg, asook die beklemtonings):

"Hij (Paulus - slc) leert hier niet, dat er een samengaan moet zijn van het geloof met wetswerken, om gerechtvaardigd te worden. Doch zijne bedoeling is: geen mensch wordt uit wetswerken gerechtvaardigd. En zal eenig mensch gerechtvaardigd worden, dan kan dat **alleen** en geschiedt het **uit het geloof in Christus**. Hij ontkent dus niet, dat eenig mensch gerechtvaardigd wordt.

Maar hij zegt, dat dit niet is ἐξ ἔργων νόμου (uit die werke die wet), doch enkel διὰ πίστεως Ἰησοῦ χριστοῦ (**deur die geloof** in Jesus Christus). Niet ἐξ ἔργων νόμου (uit die werke die wet), als daar bij komt πίστες Ἰησοῦ (geloof in Christus), doch: in het geheel niet ἐξ ἔργων νόμου (uit die werke die wet); doch wordt eenig mensch gerechtvaardigd, dan geschiedt dit **alleen en uitsluitend** διὰ πίστεως Ἰησοῦ χριστοῦ (deur die geloof in Jesus Christus). Het διὰ πίστεως (**deur die geloof**) wordt in ditzelfde vers afgewisseld met ἐκ πίστεως (**uit die geloof**), vgl. ook Rom.3:20; 5:1 e.a., en met πίστει (**deur die geloof**) in Rom.3:28, en met ἐπὶ τῇ πίστει (**deur die geloof**) in Filp.3:9. Uit deze afwisseling van praepositie en naamval blijkt, dat πίστις (geloof) bij deze rechtvaardiging **niet voorkomt als grond, maar als instrument**.

Paulus, noch eenig ander outeur van een boek van het Nieuwe Testament, zegt ooit: διὰ πίστιν (omrede/op grond van/vanweë die geloof), om, vanwege, het geloof. De tegenstelling met ἐξ ἔργων νόμου (uit die werke van die wet) kan daarbij ook doen weten, dat het geloof hierbij **niet als grond** in aanmerking komt. De materie of grond der rechtvaardiging ligt **in Christus** en Zijn verzoenings- en heilswerk, 3:13 en 14; Rom.3:24,25."

In S. Greijdanus se Romeine verklaring (*De Brief van den Apostel Paulus aan de Gemeenten te Rome*, deel 1, hfst.1-8. Van Bottenburg: Amsterdam, 1933: bl.184), by Rom.3:22-26, vind ons die volgende verklaring wat aansluit by sy bogenoemde verklaring:

"... δικαιοσύνη δὲ θεοῦ (die geregtigheid van God) ... ontvangen (zij) en (wordt) verkregen διὰ πίστεως Ἰησοῦ χριστοῦ (deur die geloof in Jesus Christus). ... διὰ (deur) c.genitief, **en niet** c.accusatief, gelijk **nergens in het NT** διὰ πίστιν (omrede/op grond van/vanweë die geloof) gevonden wordt, **want het geloof is middel, niet grondt**. Synoniem is πίστει (deur die geloof), v.28, en ἐκ πίστεως (**uit die geloof**), v.30. πίστεως (geloof) zonder lidwoord, om de gedagte geloof te meer op den voorgrond te stellen, **in tegenstelling** met het begrip van eigen verdienste en werk, vgl. vss. 21, 27, 28. διὰ πίστεως (deur die geloof) spreekt niet van het doen of de openbaringswijze Gods, maar duidt aan, **hoe** de mensch Gods gerechtigheid deelachtig worden, bezitten en

genieten kan, nl. **niet op den grondslag** van eigen aanspraak uit wetsvolbrenging, maar **alleen deur middel van geloof**. ...

Greijdanus wys dus daarop dat beide 'uit geloof' en 'deur geloof' wil wys op die instrument/middel waardeur ons God se geregtigheid ontvang, en nie die 'grond/oorsaak/rede/bron/fondament' van waarom ons die Here se geregtigheid ontvang nie. Die enigste grond van ons redding is Christus en sy weldade, wat ons alleen deur die geloof ontvang.

Die NAV en BDV se vertalings van '*omdat* ek glo', of '*staatmaak* op geloof', of '*op grond van* geloof', blyk in stryd te wees met Greijdanus se verklaring van die Skrif hier uit die oorspronklike Grieks, en is oop vir groot misverstand om te dink die gelowige se geloofshandeling is die 'voorwaarde en oorsaak' van ons redding/verlossing, waarom ons die geregtigheid van God ontvang.

Die 'deur die geloof' frase in ons belydenis

In aansluiting by bogenoemde eksegetiese oorwegings, is daar ook konfessionele probleme met frases soos 'omdat hy glo' en 'op grond van geloof' en 'op geloof staatmaak'.

Dit klink nie na taal vanuit die gereformeerde belydenis nie, maar meer na arminiaanse taal.

Nêrens in die drie formulere van eenheid vind ons hierdie frases nie, en waar daar wel verwysings is, is dit in 'n negatiewe afwysende konteks.

Die belydenis, veral in NGB artikel 22 beklemtoon dit baie sterk dat dit 'deur die geloof' is (as instrument/middel) wat ons Christus ontvang, en nie 'omdat' ons glo nie.

Sien die volgende verwysings hoe die frases 'deur die geloof' en die woorde 'op grond van' in ons belydenis gebruik word:

1. In NGB artikel 22 bely ons:

“Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons **deur** die geloof alleen of **deur** die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom.3:28). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die **middel** is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind.”

2. NGB artikel 26 bely ons:

" Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede **op grond van** ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen **op grond van** die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid **deur die geloof**.

3. In **HK, v&a 21** word Rom.1:17 as Skrifbewys gegee vir die laaste sin wat as volg lei:

“'n Ware geloof is ... 'n vaste vertrouwe, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade **slegs op grond van** die verdienste **van Christus** vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, **geskenk** het.”

Dit is by hierdie 'geskenk het' wat Rom.1:17 as Skrifbewys dien. Nie 'omdat' ons glo nie, maar 'deur' die geloof ontvang ons al sy weldade (die 'geskenk', nl. die geregtigheid van God, 1:17a), en 'uit' die geloof in daardie geskenk lewe ons dan in dankbaarheid (sien Ef.2:8-10), daarom 'uit geloof tot geloof' (1:17c).

4. HK, Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?

Antwoord:. Dat God, **op grond van die voldoening van Christus**, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer (a) wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

Dus, **op grond van Christus**, en nie 'op grond van' my geloof of dat ek 'staatmaak' nie.

5. In HK v/a 60 bely ons hoe ons regverdig is voor God, en dan is dit nie omdat ons glo of op geloof staatmaak nie, maar om 'deur 'n ware geloof' Christus uit genade te ontvang. Die geloof as middel en instrument word beklemtoon:

Vraag 60: **Hoe** is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs **deur 'n ware geloof** in Jesus Christus; so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus **skenk**. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met '**n gelowige hart aanneem**.

6. En, net sodat daar nie enige misverstande is oor **die aard en taak** van die geloof nie, word dit opgevolg met v/a 61:

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs **deur die geloof** regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek **op grond van die waarde van my geloof** vir God aanneemlik is nie, maar omdat *slegs* die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is. En dit kan ek nie anders as slegs **deur die geloof aanneem** en my eie maak nie.

7. Die Dordtse Leerreëls, hfst.1:9 bely ook dat geloof *nie* die grond is nie, maar die *gevolg/vrug* van ons redding is:

"Hierdie uitverkiesing het **nie op grond van 'n vooruitgesiene geloof**, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of ooreenkoms tot stand gekom asof dit **as rede of voorwaarde** vir die uitverkiesing van die mens vereis is nie. Die uitverkiesing is immers **die oorsaak van geloof** en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ens. Daarom is die uitverkiesing die bron van alle saligheid **waaruit geloof**, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, **as vrugte en gevolg** daarvan vloei."

6. Dordt skiet verder ook enige sprake van regverdiging/redding *op grond van* ons geloof (i.p.v. 'deur middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

Die Sinode **verwerp** die dwaling van hulle wat leer: ... **Die geloof**, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding is dus **nie vrugte of gevolg** van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie maar noodsaaklike **voorwaardes** daarvoor **en oorsake** daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het.

Die Sinode **leer**: Dit is **in stryd met die hele Skrif**, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10)"

Met woordeskat soos '*omdat ek glo*', of '*staatmaak op geloof*', of '*op grond van geloof*', is die misverstand oop om te dink die gelowige se geloofshandeling is die '*voorwaarde en oorsaak*' van ons redding/verlossing.

7. En in hoofstuk 2 **verwerping** 4 van Dordt:

“Die Sinode **verwerp** die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het ’n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan **nie daarin dat ons deur ons geloof**, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, **nou die geloof self** en die onvolmaakte geloofsghehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade **waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon**.

Die Sinode leer:

Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening **deur die geloof** (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle ’n nuwe en vreemde leer oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk.”

Met die NAV en BDV woordeskat van *'omdat ek glo'*, of *'staatmaak op geloof'*, of *'op grond van geloof'*, is die erge misverstand oop om te dink die regverdige se geloof is nou self 'waardig' genoeg geag om met die ewige lewe beloon te word, wat ons terugbring by regverdiging deur die wet, nl. die mens se handeling of daad (deur te glo), is nou die nuwe grond/rede/oorsaak/voorwaarde en dus die 'nuwe werksverbond' vir ons redding en saligheid.

Om saam te vat uit die eksegetiese en konfessionele beredenering:

Met hierdie (nuwe) vertalings van die NAV en die BDV (*'omdat hulle glo'*, *'staatmaak op geloof'* en *'op grond van geloof'*) word die hartklop van die Reformasie in navolging van die Skrif in sy wese aangetas, nl.

dat ons gered word *uit* genade (van God)
deur die geloof (in Jesus Christus)
sonder enige werke van ons kant af.

Die fokus val op die mens en sy handeling en daad, en lei weer terug na die regverdiging deur die wet/werke (waar die 'geloofshandeling' die nuwe voorwaarde vir die genadeverbond is), dit wat Paulus juis in Romeine en Galasiërs bestry.

Implikasie vir alle gereformeerde kerke

Beide die NAV en die BDV veroorsaak misverstand met hul vertalings, en sou laasgenoemde vertaling met hierdie vertalings (verklarings?) keuses so aanvaar word deur die kerke met die gereformeerde belydenis, dan moet die belydenis in

hierdie frases ook vervang word om by die nuwe frases (en teologie?) aan te sluit, aangesien dit nog meer verwarring gaan veroorsaak as die Skrif en belydenis vergelyk word in sy woordeskat en betekenis.

In die 'uit/deur die geloof' frases soos ons dit vind in die OAV en meeste ander Bybels (o.a. Statevertaling, KJV, NKJV, ens.) val al die fokus op die inhoud ('Objek') van die geloof, WIE ons ontvang het, nl. Jesus Christus én al sy weldade (waarvan geloof as geskenk van God, deel is, sien DL 2.8).

In die woorde van NGB art.23:

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Die leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken (Psa 32:2 en Rom 4:6). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is **deur** die verlossing wat in Jesus Christus is (Rom 3:24).

Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is en roem glad nie in onself of in ons verdienste nie maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van **die gekruisigde Christus alleen**.

Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregthede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie. Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word. En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: "*En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie.*" (Psa 143:2).

Die ware geloof is Christus *alleen*, nie Christus plus die werke van die wet nie, ook nie Christus plus my geloof/handeling werke nie. In Christus is alles, ook die geskenk om te kan glo (Ef.2:8,9; Fil.1:29a) en uit daardie geloof te lewe, as benadigde regverdiges (Hab.2:4; Rom.1:17; Gal.3:11; Ef.2:10; Fil.1:29b).

Mag Christus *alleen* ook in ons vertalings eerbiedig word !

Sien die volgende artikel oor die belangrikheid van die leerstuk van regverdiging uit genade *deur die geloof* alleen, met verwysing na Calvyn se skrywes daaroor:

Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen

“Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes ... Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is.” – NGB 22.